Hoërskool Outeniqua

Inligtingsdokument vir

Graad 10- en Graad 11-leerders

1. Alle graad 10- en 11-leerders het Maandag skool.
2. Die volledige werking van die rooster sal Maandag aan al die leerders verduidelik word.
3. Al die leerders sal ook Maandag reeds hul Toets- en Eksamenrooster ontvang.
4. Vir duidelikheid:
    a. Die Graad 11's het Maandag **Afrikaans Huistaal en English HL/FAL**.
    b. Die Graad 10's het die vakke in die **LW-groep** en die **GEO-groep**.
    c. Dit beteken dat die keusevakke in hierdie 2 bane, bygewoon moet word.
    d. In die LW-groep is die volgende vakke: **Lewenswetenskap, Landbouwetenskap, Rekeningkunde, Ekonomie, IGO, Toerisme en Visuele Kuns**.
    e. In die GEO-groep is die volgende vakke: **Geografie, Verbruikerstudies, Visuele Kuns, Ontwerp, Drama, Rekeningkunde, Gasvryheidstudies, IT en RTT**.
    f. Al hierdie vakke word Maandag aangebied.
    g. Maak seker in watter groep (1 of 2) jy val. Kyk na watter vak moet jy eerste gaan en na watter vak jy skuif na die eerste sessie.
    h. Raadpleeg ook die instruksies wat saam met die rooster uitgestuur word. Sommige onderwysers is nie by die skool nie en sommige groepe bots op die nuwe rooster. Maak seker of daar nie 'n instruksies is wat jy moet volg nie. Voorbeelde:
        i. Graad 1169 het Afrikaans by mev. Louw (AGL) in lokaal 1;
        ii. Graad 1119 het Afrikaans by mev. Van Santen (AVSN) in lokaal 56;
        iii. Graad 1164 Afrikaans is verdeel tussen al die Afrikaanse onderwysers (Maak seker in watter klas jy nou ingedeel is)
        iv. Graad 1124 Engels is verdeel tussen AML en MS.
        v. Graad 1164 Engels is verdeel tussen al die Engels onderwysers (Maak seker in watter klas jy nou ingedeel is)
        vi. Graad 10 Lewenswetenskap van DM is verdeel tussen MP en TMX.
        vii. Graad 10 Landbou gaan na dr. Joubert se klas, maar 'n nuwe onderwyser sal die klas waarneem.
        viii. Graad 10 Visuele Kuns in die LW-baan gaan na mev. Kaplan se klas (Lokaal 72).
5. Die graad 10-leerders moet kennis neem dat hulle op Saterdag, 11 Julie om 08:45 gereed moet wees om die Maarteksamen in Visuele Kuns af te lê.
6. Die graad 11-leerders skryf Lewenswetenskap op Saterdag, 18 Julie.
7. Alle leerders dra skooldrag vanaf Maandag 13 Julie. Dit sal afgewissel word met gewone klere. Die leerders se voorkoms moet dus volgens die gedragskode van die skool wees.
8. Baie sterkte aan die gr. 10- en 11-leerders met hulle nuwe kwartaal wat Maandag 6 Julie begin.